

Die koperslang – Net nog ‘n opstand? (OP55)

Num 21:4-9

29 Augustus 2021

Vandag kom ons by ‘n baie bekende gedeelte in Numeri – die gedeelte wat handel oor die koperslang. Die detail van die gebeure is maklik om te verstaan: Die volk verlang opnuut terug na Egipte en hulle kla opnuut weer oor ‘n gebrek aan kos en water. Dan stuur die Here giftige slange onder die volk in, en baie van die Israeliete sterf. Hulle erken teenoor Moses dat hulle gesondig het, en vra dat Moses tot die Here moet bid om die slange weg te neem. Moses doen dit, waarop die Here aan Moses die opdrag gee om ‘n koperslang te maak en dit op ‘n paal te sit. Elkeen wat deur ‘n slang gepik is, moet na hierdie koperslang kyk, en dan sal hy lewe. Moses het dit gedoen, en as iemand na die koperslang kyk na hy gepik is, het hy steeds bly lewe.

Boonop verwys die Nuwe Testament ook na hierdie gebeure. In Joh 3:14-15 lees ons dat soos die slang in die woestyn verhoog is, so sal die Seun van die Mens (dit is Christus) ook verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. Natuurlik is dit baie nuttig om aan ons leiding te gee oor hoe ons die gedeelte moet interpreteer. Trouens, ek is selfs oortuig dit is die essensie van die gedeelte. So, is dit nodig om ons koppe verder oor die gedeelte te breek? Ek dink tog so.

Geografiese agtergrond (vers 4)

In Num 20:22 het ons gelees dat die volk van Kades na Horberg getrek het, waar Aäron oorlede is. Nou lees ons hier in vers 4 dat die volk van Horberg af in die rigting van die Rietsee (NAV) getrek het. Die OAV/DV noem dit die Skelf See, en die NIV/ESV noem dit die Rooi See. Die rede vir die verskil is dat die Septuagint (Griekse vertaling van die OT) dit vertaal met Rooi See, en ander manuskripte met Rietsee – maar dit is dieselfde see wat ons in gedagte moet hê. Die rede hoekom hulle in die rigting van die Rooi See getrek het, word ook vir ons in v4 gegee: sodat hulle om die gebied van Edom kon trek – onthou Edom het geweier dat Israel deur hulle gebied mog trek (Num 20:14-21). Wat verwarrend kan wees, is as ons dit verwar met die Rooi See waardeur die volk 40 jaar vantevore getrek het net na hulle verlossing uit Egipte. Kyk na die kaart wat op my blog is / wat in die preeknota’s is en kyk selfs na Google Maps om dit te verstaan: Die see tussen Afrika en Saudi-Arabië is die Rooi See. Aan sy noordelike punt verdeel die see in twee sogenaamde golwe – die een aan die weste kant van die Sinai skiereiland, en die ander een aan die oostekant daarvan. Aan die westekant is die Suez Golf – dit is natuurlik die golf waar ons vandag die Suez-kanaal vind. En dit is ook iewers in hierdie golf wat die Israeliete deur die Rooi See getrek het net na hulle verlossing uit Egipte. Die golf aan die oostekant van die Sinai skiereiland staan bekend as die golf van Aqaba. Dit is in die rigting van hierdie golf wat die volk hier in Num 21 trek. Hulle trek soontoe want die gebied van Edom is waar ons vandag Jordanië vind.

Wat is die punt met hierdie aardrykskundige les? Die punt is dat toe die volk by Kades was, was hulle op die suidelike grens van die beloofde land. Om vandaar af na die gebied oos van die Jordaan te trek vanwaar hulle die beloofde land sou inneem, hoef hulle net oos te trek, en dan noord te draai. Maar omdat Edom geweier het dat hulle deur sy gebied kan trek, moet hulle nou eers suid trek, dan oos draai en weer al die pad noord trek. Na 40 jaar in die woestyn, was dit sekerlik ‘n addisionele terugslag, en ‘n frustrasie. Alhoewel dit nie die optrede van die volk regverdig nie, maak dit tog hulle soveelste opstand oor hulle verlange na Egipte en hulle klag oor gebrek aan kos en water, verstaanbaar.

Geskiedenis van klagtes oor kos en water

Hierdie gedeelte is die sesde keer sedert die uittoeg uit Egipte dat ons lees die volk kom in opstand oor 'n gebrek aan kos of water. Ek het 'n kort opsomming gemaak van hierdie ses geleenthede in die preeknota's wat ook op die blog beskikbaar is – dit sal nuttig wees as jy daarna kyk om die volgende bespreking te volg.

| Plek | Teks | Klag | Respons van die Here | Uitkoms deur die Here | Reaksie van die volk |
|------------------------------------|--------------|--|--|-----------------------|----------------------------|
| Mara | Eks 15:22-26 | Gebrek aan water | Here beproef volk Verwag gehoorsaamheid Belof voorwaardelike versorging | Soet water | Drink |
| Sinwoestyn | Eks 16:1-36 | Verlang na Egipte Gebrek aan kos | Here beproef volk Besef Hy is die Here Belof daaglikse versorging | Manna, kwartels | Vergryp hulle aan kos |
| Refidim | Eks 17:1-7 | Verlang na Egipte Gebrek aan water | Slaan rots met Moses se kerie Water vloei uit rots | Water | Drink |
| Kibrot-Taäwa | Num 11:4-35 | Verlang na Egipte Wurg aan manna | Here het mag om te voorsien Heilige Gees kom op 70 leiers | Kwartels | Vergryp hulle aan kwartels |
| Eerste geslag ↑ Tweede geslag ↓ | | | | | |
| Kades | Num 20:1-13 | Verlang na Egipte Gebrek aan water | Praat met rots – Aäron se kerie Water vloei uit rots Die Here maak Hom bekend as die Heilige | Water | Drink |
| Horberg – Rooi See | Num 21:4-9 | Verlang na Egipte Gebrek aan water, kos, wurg aan manna | Sit 'n koperslang op 'n paal om na te kyk | Slange | Sondebelydenis |

Die eerste keer wat die volk kla oor water, was by Mara (Eks 15:22-26) – dit was kort na die uittoeg. Die water by Mara was bitter. Nadat Moses op bevel van die Here 'n stuk hout in die water gegooi het, het dit soet geword, en die volk kon dit drink. Volgens v25b-26 het die Here die volk hierdeur op die proef gestel – Hy wou hê hulle moes luister wanneer Hy met hulle praat, en hulle moes gehoorsaam wees. Verder belof die Here dat Hy hulle sal versorg as hulle gehoorsaam is.

Die tweede insident was in die Sinwoestyn, steeds kort na die uittoeg en nog voor die volk by Sinai aangekom het (Eks 16:1-36). Hierdie keer kla die volk dat hulle terug verlang na Egipte, en meer spesifiek kla hulle oor hulle gebrek aan kos. Weer lees ons in vers 4 dat die Here sê Hy is besig om die volk te beproef. Die Here maak dit duidelik dat hy aan hulle kos sal gee – kwartels en manna. Maar Hy gaan dit daagliks voorsien. Hy verwag gehoorsaamheid van die volk deurdat hulle elke dag net genoeg vir daardie dag sal optel. Daarmee sou hulle erken hulle besef Hy is die Here wat daagliks voorsien. Ons weet ongelukkig dat die volk hulle vergryp het aan die kos – hulle het meer as hulle daaglikse behoefte opgetel – wat 'n aanduiding was dat hulle nie die Here vertrou het om elke dag weer te voorsien nie.

Die derde insident het by Refidim plaasgevind (Eks 17:1-7), steeds voor die volk by Sinai was. Hierdie keer het die volk weer terug verlang na Egipte, en kla hulle spesifiek oor hulle gebrek aan water. Ons het twee weke gelede na hierdie gebeure gekyk. Die Here het vir Moses gesê hy moet sy eie kerie neem en die rots slaan, waarna daar water sou uitvloei. Moses het dit gedoen, en daar het water uitgedroei, en die volk het gedrink.

Die vierde insident vind plaas by Kibrot-Taäwa, na die volk by Sinai was terwyl hulle oppad is na Kades-Barnea toe (Num 11:4-35). Hierdie keer verlang hulle weer terug na Egipte, en kla hulle nie

soseer oor hulle gebrek aan kos nie, maar wel dat hulle wurg aan die manna wat die Here wel vir hulle gee. As die Here beloof dat Hy aan hulle vleis sal gee om te eet, bevraagteken Moses of die Here dit kan doen, maar die Here sê vir Moses: “Dink jy Ek het nie die mag nie?” (v23). En dan voorsien die Here kwartels, en weereens vergryp die volk hulle aan die kwartels – ons het destyds gesien die een wat die minste opgetel het, het omtrent 10 dromme vol opgetel.

Die vyfde insident vind plaas by Kades (Num 20:1-13) – dis die tweede keer wat die volk by Kades was, in die veertigste jaar na die uittog, dit is ook dus die tweede geslag waarvan ons nou lees. Hulle verlang ook terug na Egipte en kla oor hulle gebrek aan water. Ons het twee weke gelede ook hierna gekyk. Die Here sê hier Moses moet Aäron se kiere, wat gebot het, neem en dan met die rots praat. Moses het dit gedoen, en daar het water uit die rots gekom, wat die volk gedrink het. Boonop het ons spesifiek gelees dat die Here homself bekend gemaak het as die Heilige (v13).

En dit bring ons by die sesde insident op pad van Horberg na die Rooi See hier in Num 21:4-9. Soos in die meeste van die vorige gevalle verlang die volk weer terug na Egipte. Hier is egter nou ‘n paar verskille met die vorige gevalle: In die vorige gevalle het hulle óf oor ‘n gebrek aan water gekla, óf oor ‘n gebrek aan kos, óf dat hulle wurg aan die manna wat hulle wel het. In hierdie geval kla hulle oor alles – gebrek aan water, gebrek aan brood en hulle wurg aan die manna! Wat ook opvallend is, is dat die Here in al vyf die vorige gevalle op ‘n manier voorsien het aan hulle behoefte – Hy het óf water óf manna en/óf kwartels voorsien. Dit gebeur egter nie hier nie. Die Here gee hier iets heeltemal anders – Hy gee giftige slange! In al die vorige gevalle het die water, manna of kwartels lewe moontlik gemaak. Nie hier nie – die slange pik die mense en baie van hulle gaan dood. As dit gebeur, kom die volk na Moses toe en hulle bely hulle sondes: “Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het” – dit is die eerste keer in al hierdie insidente dat ons lees dat die volk berou getoon het en hulle sondeskuld erken het. Selfs by Kibrot-Taäwa waar baie van hulle dood is met die kwartels nog tussen hulle tande, lees ons niks van enige sondebelydenis van die volk nie! Anders as in die eerste vyf insidente waar die uitkoms van die Here óf kos óf water was, bring die Here hier ‘n ander uitkoms, eers nadat die volk hulle sondes bely het. Die uitkoms wat Hy bring is die koperslang wat Moses moes maak en op ‘n paal moes sit. Elkeen wat na die slang sou kyk nadat hy gepik is, sou bly lewe.

Interpretasie

Hoe maak ons sin uit dit alles? Wel, vir ‘n begin moet ons onthou hoe die Nuwe Testament na die manna en water verwys. Ons het al in die verlede uitgelig dat Joh 6:32-35 dit baie duidelik maak dat die manna na Jesus verwys. Hy is die ware brood wat uit die hemel gekom het, en die wat hiervan eet, word werklik versadig. Ons het ook al gesien uit 1 Kor 10:3 dat die rots waaruit die water gevloei het, ook na Jesus verwys. Uit Joh 7:37-39 was dit duidelik dat die water wat uit die rots vloei, die Heilige Gees is wat Jesus sou stuur na Hy in heerlijkheid opgeneem is. Wat ons nou hierby moet voeg is waarvan ons lees in Joh 3:14-15: Duidelik is die koperslang ook ‘n heenwysing na Jesus. Soos wat Moses die slang in die woestyn op ‘n paal gesit en verhoog het, is Jesus ook verhoog tydens Sy kruisiging. Soos wat die Israeliete in die woestyn wat deur ‘n slang gepik is, gelewe het as hulle hulle vertrou in die koperslang geplaas het deurdat hulle na hom gekyk het, so sal elkeen wat hulle hoop vestig op Jesus die ewige lewe ontvang.

Hoekom het die Here juis ‘n slang gekies wat op die paal gesit moes word? As ons Gen 3 in gedagte hou, word die slang tog geassosieer met die duiwel self, en met sonde. Hoekom word die kruisiging van Jesus met ‘n slang op ‘n paal voorgestel? Wenham verduidelik dit in sy kommentaar soos volg: Dink aan die Ou Testamentiese offers. Die offers is gebring vir mense wat dood was – dood in hulle sonde. Wat was die probleem wat die offer moes aanspreek? Die dood. Gevolglik is die offerdier

doodgemaak. Die dood van die sondaar is na die dier oorgedra, wat dus gesterf het, maar die lewe van die dier is na die sondaar oorgedra. Of dink aan daardie reinigingsvoorskrif waarna ons in Num 19 gekyk het: Daar het iemand onrein geword deurdat hy aan 'n dooie geraak het. Die persoon het weer rein geword deurdat die onreinheid a.g.v. sy kontak met die dood, aan die rooi vers oorgedra is. Netso met Christus. Ons krisis is: ons is dood a.g.v. die sonde. Maar as ons ons vertrou stel in Jesus as ons Verlosser, word ons sonde aan Hom oorgedra (en Sy geregtigheid word aan ons oorgedra). Aan die kruis was Hy dus "sonde" in ons plek. En die koperslang was juis 'n simbool van sonde – dit is dus 'n simbool van Jesus wat in ons plek sonde gemaak is.

Ons sou ook die vraag kan vra: hoekom juis 'n koperslang? Onthou weereens, Jesus het vir ons geregtigheid kom bewerk. Watter deel van die tabernakel het spesifiek verwys na die hierdie geregtigheid wat Jesus kom bewerk het? Dit was tog die voorhof waar die brandofferaltaar gestaan het. Waarmee was die meublement in die voorhof oorgetrek? Tog met koper. Die koperslang wys ook juis na hierdie geregtigheid wat Jesus kom bewerk het.

Maar kom ons keer terug na die reeks van 6 insidente: Ons moet raaksien dat die Here deur hierdie gebeure die volk, en ons, wil leer (dink maar weer aan 1 Kor 10) – Hy wou hulle meer van Homself leer, as ook wat Hy van hulle verwag. By die eerste insident by Mara het die Here duidelik gemaak Hy het hulle beproef, met die doel dat hulle sal leer. Hy wil hulle leer dat Hy vir hulle sal sorg – daarom maak Hy die water soet. Maar hulle moet ook leer dat dit voorwaardelike versorging is – Hy verwag gehoorsaamheid van hulle.

By die tweede insident in die Sinwoestyn, een hoofstuk later in Eksodus, beproef die Here weer die volk – die keer met hulle begeerte aan kos. Weereens wil Hy hulle leer – hulle moet leer dat Hy ook vir hulle sorg deur kos te gee. Hy sal dit egter op 'n daaglikse basis gee, en hulle moet leer om Hom te vertrou dat Hy elke dag weer sal gee. Die volk leer dit egter nie – hulle tel meer op as wat hulle daaglik nodig het, hulle sukkel met gehoorsaamheid. Maar onthou nou wat die Nuwe Testament ons leer rondom water en manna: Die manna verwys na Jesus, en die water na die Heilige Gees. Ons kan dus vermoed dat die Here in hierdie twee insidente wil leer hulle het 'n nood aan beide die werk van Jesus en die Heilige Gees om te leer om gehoorsaam te wees – en dit is hoe Hy vir hulle gaan sorg. Maar presies hoe dit gaan werk, is nog nie duidelik nie.

Dan kom die derde insident by Refidim – die eerste keer waar die Here water uit die rots gee. Hierna het ons twee weke gelede in detail gekyk. Hier leer die Here leer oor hoe Hy die werk van Jesus en die Heilige Gees sal gebruik om vir Sy volk te sorg en hulle by gehoorsaamheid te bring. Alhoewel die volk sonder enige gronde gevra het of die Here werklik in hulle midde is, slaan die Here deur Moses die rots, dit is Christus, eerder as die volk. Die rots dra dus die oordeel in die plek van die volk. En dan vloei daar strome water uit die rots. Hier wys die Here hoe Hy sal sorg dat die volk by gehoorsaamheid sal uitkom: Hy sal die rots, dus Jesus, slaan vir hulle ongehoorsaamheid in hulle plek. Hy sal dan ook vir hulle water gee, dit is die Heilige Gees, wat ons weet heiligmaking in gelowiges werk. Die versorging van die Here is dus om deur Jesus regverdigmaking vir die volk te werk, en deur die Heilige Gees heiligmaking te werk.

In die vierde insident by Kibrot-Taäwa is dit steeds die eerste geslag. Hulle klag is nie 'n gebrek aan water of kos nie – dit is eerder hulle is nie tevrede met die kos wat die Here gegee het nie, hulle wurg aan die manna. Hulle wurg dus aan die instrumente wat die Here gebruik om hulle by gehoorsaamheid te bring. Ja, die rots is by Refidim in hulle plek geslaan, ja, julle het gedrink van die water wat uit die rots gevloei het – maar hulle soek iets anders. In Num 11:4 staan daar spesifiek dat dit die mense van ander afkoms was, wat die volk aangehits het om vleis te soek. En as die Here vir

hulle kwartels gee, vergryp hulle hulle daaraan – en die Here laat baie sterf. Hier is dus steeds iets wat kort. Wat is dit?

Die vyfde insident is by Kades – nou is dit die tweede geslag, dit is ook die tweede keer wat die Here water uit die rots gee. Hierna het ons ook twee weke terug gekyk. Wat anders is hier as by Refidim is dat Moses Aäron se kiere moes neem en met die rots moes praat. Soos wat ons twee weke gelede gesien het, wys die Here die rots hoof net eenkeer geslaan te word. Jesus hoof net eenmaal te sterf, daarna hoof opvolgende geslagte net te vra – en die Here sal Sy Heilige Gees aan hulle gee.

Dit bring ons by die sesde insident. Hier is dit die tweede geslag. Hulle het manna, maar hulle wurg daaraan. Hulle het gedrink van die water uit die rots by Kades, maar hulle soek steeds water. Dit is tyd om die volgende stap te leer in die Here se ontvouing van Sy plan om vir die volk te sorg deur hulle tot gehoorsaamheid te bring: As die slange begin pik, is dit die eerste keer dat die volk hulle sondes voor die Here bely. Natuurlik is dit die resultaat van die werk van die Heilige Gees, dus die water uit die rots wat hulle by Kades gedrink het, wat hulle by sondebeseft en sondebelydenis bring. En dan leer die Here hulle hoe hulle sondevergifnis kan ontvang, d.w.s. hoe die rots wat geslaan is, vir hulle effektief kan word – hulle moet na die koperslang kyk op die paal, oftewel, hulle moet na die kruis kyk waar Jesus in hulle plek hang, hulle moet op Hom vertrou as hulle enigste Verlosser – dan word Sy geregtigheid vir hulle toegereken, dan werk die Heilige Gees heiligmakend in hulle, dan sal hulle gehoorsaam wees aan die Here – soos die Here al by Mara gesê het hulle moet wees.

Daar is nog een saak wat ek wil uitlig: Hoekom het die eerste geslag wat by Refidim water uit die rots gedrink het, toe hulle by Kibrot-Taäwa gewurg het aan die manna, nie by sondebelydenis uitgekom nie, terwyl die tweede geslag wat by Kades van die water uit die rots gedrink het, toe hulle aan die manna gewurg het met die koperslang insident, wel by sondebelydenis uitgekom het? Het die Heilige Gees dan nie effektief gewerk in die harte van die eerste geslag nie? Wel, ons staan hier voor 'n misterie. Onthou, soos ek netnou uitgewys het, het hulle by Kibrot-Taäwa juis hulle ore uitgeleen aan die vreemdelinge onder die volk wat hulle verlei het om lus te word vir vleis, en ontevrede te wees met die manna wat die Here gegee het. Onthou, dit is ook die geslag wat later by Kades die beloofde land verwerp het, en wat nooit die land ingegaan het nie. Ek dink ons het hier 'n voorbeeld van mense wat die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het – hulle het hulle doelbewus verset teen Sy werk. Lees Heb 6:4-6. Hier word mense beskryf wat selfs deel gekry het aan die Heilige Gees, en tog afvallig geword het. Ek het in vorige preke al hierna verwys. Die Hebreërskrywer bedoel nie die Heilige Gees het saligmakend in hierdie mense gewerk nie, maar eerder dat hulle baie naby gekom het aan waar die Heilige Gees werk – en tog het hulle hulle rug op Sy werk gekeer. Of dink aan die gelykenis van die saaiër waar die saad wat tussen die dorings geval het, wel opgekom het, net om later verdruk te word deur die verleidinge van hierdie wêreld (Mat 13:22). Of dink aan Judas Iskariot, wat deel van die dissipelkring was, en tog verlore gegaan het.

Maar kom ons eindig op 'n positiewe noot: Ons moet seker maak, ons is deel van die tweede geslag. Uit die Mara insident weet ons die Here verwag gehoorsaamheid van ons. Maar ons weet ook Hy gee die Heilige Gees as soet water. Uit die Sinwoestyn insident weet ons ons het daaglikse behoefte aan manna – ons het daaglikse behoeftes aan Jesus, wat die ware brood uit die hemel is en wat ook die Woord is. Uit die Refidim insident weet ons dat die Here die rots, d.w.s. Jesus, in ons plek geslaan het om versoening te bewerk vir elke keer wat ons nie gehoorsaam was nie. Ons weet ook dat die feit dat die rots geslaan is, aanleiding gegee het dat die Here Sy Heilige Gees gestuur het. Die Kibrot-Taäwa insident leer ons ons moet versigtig wees vir vreemde leringe wat ons weg lei van die Here se plan. Die Kades insident leer ons dat alhoewel ons 2000 jaar na Jesus se kruisiging lewe, hoof Jesus nie weer vir ons gekruisig te word nie – ons hoof net te vra vir 'n werk van die Heilige Gees. En die koperslang insident leer ons dat ons deur die werk van die Heilige Gees by sonde-erkenning en

sondebelydenis moet kom, dat ons al ons vertrouwe op Jesus moet stel, wat in ons plek as die rots geslaan is, wat in ons plek sonde gemaak is aan die kruis. Nou moet ons groei in heiligmaking deur die Heilige Gees – tot ons in heerlikheid in die beloofde land aankom! Dit is hoe die Here vir ons sorg. Dit is hoe die Here ons by gehoorsaamheid sal bring – soos wat Sy verwagting van die volk was alreeds by Mara!